HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

1915

Jan H Marais - Stellenbosch se grootste weldoener ooit

Die verhaal wat ek u vanaand wil vertel, is die verhaal van Stellenbosch, dorp en universiteit, se grootste weldoener in hulle geskiedenis; die verhaal van 'n veelfasettige en versiende individu, die verhaal van 'n ware Stellenbosser, die verhaal van Johannes Henoch (Jannie) Marais.

In sy huldigingsrede by die begrafnis van Jannie Marais gebruik prof. JI Marais, wat in 1918 die eerste kanselier van die nuutgestigte US sou word, die volgende woorde: "Stellenbosch zou haar rechterhand moeten vergeten a1s zij vergeten zou wat Jan Marais voor haar was."

Johannes Henoch Marais is gebore op die plaas Coetzenburg as die jongste van 9 kinders (sommige bronne sê 10) - 6 seuns en 3 dogters - op 8 September 1851, dit wil sê vanjaar 150 jaar gelede. Sommige bronne gee sy geboortejaar as 1850 aan en om die verwarring nog groter te maak, verskyn daar in die Stellenbosch-begraafplaas by die grafkompleks van die Marais-familie beide datums - 1851 op die grafsteen en 1850 op die hoofsuil in die Marais-akker. Sy jeugjare bring hy in sy ouerhuis op Coetzenburg langs die Eersterivier deur en ontwikkel 'n groot liefde vir die plaas. Die opvoeding wat hy kry, het van sy ouerhuis en die kerk uitgegaan en later van die Stellenbosche Gimnasium, die voorloper van die Victoria-Kollege. Hoër onderwys in die gewone sin van die woord het hy nooit ontvang nie. Daarom is dit soveel te meer merkwaardig wat hy in sy latere lewe alles vir hoër onderwys op Stellenbosch gedoen het.

Op 19-jarige ouderdom besluit hy in Augustus 1870 om saam met drie van sy broers, Pieter, Abraham en Christiaan, hul geluk met diamantdelwery te gaan beproef. By Gongong aan die Vaairivier sou hulle in vennootskap met ene Neethling en ene van der Poel gaan, maar Neethling het nadat hy die eerste diamant (7 karaat) gevind het, al die kleims vir homself afgepen. Christiaan het egter vasgestel dat daar op die laagste en natste punt nog 'n kleim van 15 vierkante voet oorgebly het en daar het hulle begin delf. Omdat dit spoeldiamante was, het dit in hierdie laagliggende kolletjie beland en was hulle kleim die mees suksesvolle van almal!

Ná 'n jaar vertrek hulle na New Rush, die latere Kimberley. Hier het hulle kleims gekoop, spoedig twee groot masjiene wat die gruis na bo geneem het, bedryf, en soveel mense in diens gehad dat hulle 20 opsigters moes aanstel. Met veral die jong Jannie se onblusbare ondernemingsgees was hulle gou by veel meer as net diamante delf betrokke - transportry, hout aanry vir stutte en vir die masjiene. Op een stadium het hulle ses plase in die Vrystaat besit!

In 1880 stig hulle die Sentrale Diamantmaatskappy met Christiaan as een van die direkteure en toe Rhodes in 1888 die volledige amalgamasie van die diamantdelwerye deurvoer, het die Marais-broers 'n groot aandeelhouding in die nuwe "De Beers Consolidated Diamond Mines" verkry en as baie vermoënde mense hulle avontuur-onderneming met diamante afgesluit. Pieter en Abraham gaan voort om in die Vrystaat en Noord-Kaap te boer, Christiaan handel in aandele en Jannie toer in Europa om die Ou Wêreld se waardes en skatte te ontdek.

In 1891 keer Jannie terug na Coetzenburg en in 1892 koop hy en 'n broer FRL (Frikkie) Marais die plaas Coetzenburg van hul moeder. Frikkie se deel, het Jannie later uitgekoop. Hier vestig hy hom as boer en sakeman en as gemeenskapsleier. Spoedig was hy direkteur van die Lion Distillery te Vlottenburg, van die Malmesbury Voogdy- en Assuransiemaatskappy, die Stellenbosche Distriksbank - 'n instansie wat in 1882 gestig is en wat Jannie by meer as een geleentheid gered het van ondergang deur meer aandele op te neem ten einde die nodige kapitaal te voorsien -, lid van die Stellenbosche Hospitaalraad, lid van die Afdelingsraad van Stellenbosch en van 1899 verteenwoordig hy Stellenbosch in die Kaapse Wetgewende Vergadering (as LWV). By Uniewording in 1910 word hy Stellenbosch se eerste LV in die nuwe Volksraad. In die latere jare word hy ook lid van die Raad van die Victoria Kollege.

Jannie Marais het 'n besondere liefde vir Stellenbosch en veral vir hoër onderwys gehad - in laasgenoemde wou hy en sy broers Christiaan en Frikkie veral Hollands en sy nuwe afstammeling Afrikaans sien gedy. Daarom gee hulle dan ook in 1895 medaljes aan studente wat aan die Victoria-Kollege presteer in Hollands, 'n toekenning wat in 1898 omskep word in beurse en in 1902 'n leningsfonds word. In totaal stort hulle £70 000 in hierdie leningsfonds vir, soos hulle dit genoem het, "arm Afrikanerseuns". Volgens die Buro vir Ekonomiese Ondersoek by US is dit in vandag se terme R 19,25 miljoen werd. Mev. Marais, met wie Jannie in 1905 getroud is - sy was 'n mej. De Villiers, dogter van Abraham Barend de Villiers van die Paarl - het ná haar man se dood nog tot die leningsfonds bygedra en skenk in 1943 'n bedrag van £10 000 (vandag R1,6 miljoen) vir die Elizabeth Marais-beursfonds. Haar broer, Arthur, skenk ook £25 000 en in erkenning hiervan word 'n nuwe koshuis in 1940 na hom vernoem - Huis de Villiers. In 1898 toe die Kollege se groei ruimteprobleme veroorsaak het, gee Jannie Marais die nodige geld wat saam met die bydrae van die Kaapse regering die oprigting van die Fisika-gebou (waar die Thom-teater vandag staan) moontlik maak. Christiaan, op sy beurt, skenk die geld wat nodig was om die CL Marais-biblioteek op Kollege-plein op te rig.

Ek kan nie nalaat om u nog 'n kort verhaaltjie binne die groter verhaal te vertel nie. Dr. Jan van der Horst, ons vorige kanselier, se vader het in die 1890s aan die Victoria Kollege gestudeer met die doel om hom as onderwyser te bekwaam. Aan die einde van sy studies het hy besluit dat hy eerder predikant wil word en het hy hom by die Kweekskool ingeskryf, maar die geld het ontbreek. Hy het hom tot Jannie Marais gewend, wat hom sonder meer en sonder enige sekuriteit £500 geleen het - 'n bedrag wat hy in later jare terugbetaal het.

Die ontstaan van die Nasionale Pers en sy eerste publikasie *De Burger* sou waarskynlik ook nie moontlik gewees het as dit nie vir Jannie Marais was nie. Desember 1914, die maand waarin op Stellenbosch besluit is om 'n "Nasionale Hollandse blad te stig", was 'n krisismaand in Suid-Afrika. Teen 18 Desember toe die beplanners by Heemstede, woning van Hendrik Bergh, bestuurder van die Distriksbank, vergader, was die rebellie verby. De Wet is op 1 Desember gevang, Beyers het op 8 Desember in die Vaalrivier verdrink, Jopie Fourie is op 16 Desember gevang en krygswet het geheers. In die tyd vind hier onder geleerdes van Stellenbosch samesprekings in koffiehuise, studeerkamers en sitkamers plaas oor die uitgee van 'n Nasionaal-gesinde koerant. Sestien man kom bymekaar in Heemstede, bereken dat £8 000 nodig is vir 'n begin en vaardig vier man af om met Jannie Marais wat toe met vakansie in sy huis in die Strand was, te gaan gesels.

Hulle tref hom aan net ná 'n kaalvoetstap op die sand en ná ditjies en datjies, kom prof. Willie Joubert - ook bekend as Willie Hoender - met die volgende woorde van oortuiging na vore: "Jannie, Calvyn was kinderloos. Hy het egter derduisende geesgenote nagelaat! Jy en jou vrou is ook kinderloos - as jy nou help om 'n Nasionaalgesinde Afrikaanse koerant te stig, sal jy ook derduisende kultuur- en geestesgenote nalaat."

Die gevolg: £5 000 word gegee, sy broer Frikkie gee ook £1 000 en binne twee dae is die bedrag gevind. Mev. Elizabeth Marais gee in die vroeë dertigerjare 'n bedrag - sover ek kon vasstel soortgelyk - vir die stigting van die *Die Transvaler*. Die bekende liedjie:"Langs Coetzenburg vloei 'n waterstroom" moet miskien verander word tot: "Langs Coetzenburg vloei 'n mediastroom".

Terloops, mev Marais het in 1931 'n skildery laat maak - deur ene A Sario - waar Jannie met die eerste *Burger* sit - wat eers 1 en 'n half maand ná sy dood verskyn het.

Jannie Marais was in die opstel van 'n testament uiters onverskillig. Sy eerste testament is gedateer 14.10.1912! Hendrik Bergh het vroeg 1915 siek geword en as vertroueling van Marais en as finansiële raadgewer was hy bekommerd dat hy (Bergh) sou sterf voordat Marais 'n nuwe testament onderteken het - 'n testament wat die bedrag bevat wat die regering vereis het om nie die Victoria-Kollege by Groote Schuur in te lyf nie, maar 'n onafhanklike Universiteit te laat word. Op 20 Maart 1915 besluit Bergh, ongesteld tuis, nou moet ons die testament finaliseer. Hy weet Oom Jannie vertrek binne dae na die Montagubad om verligting van sy rumatiek te probeer kry. Hy soek en

kry 2 getuies - 2 jong Pauw-broers, een later predikant, die ander mediese dokter - uit die Pauw-huisgesin wie se huis regoor die destydse Greylock was. Oom Jannie teken, dalk ook maar omdat hy haastig was om te vertrek. Hierdie handtekening was in wese die begin van ons universiteit.

Op 30 Mei 1915 sterf Jannie Marais op Montagu. Hendrik Bergh wat hierdie "voorgevoel" gehad het dat hy dinge moet finaliseer, sterf 'n maand later en die eerste *De Burger* verskyn so ongeveer 1 en 'n half maand later. Op 3 Junie 1915 word Jannie Marais hier op Stellenbosch begrawe.

Prof. Thom, 'n vorige rektor en vorige president van ons Konvokasie, het oor hom geskryf: "Oom Jannie - soos hy in sy later lewe vir een en almal op Stellenbosch was - het, sy groot vermoë ten spyt, altyd die toonbeeld van eenvoud, opregtheid en nederigheid gebly. Of 'n man ryk was of arm, of wit of gekleurd - dit het vir hom geen saak gemaak nie; teenoor almal was hy vriendelik en hartlik."

Die bemakings in sy testament was 'n deurgee van sy voorliefdes na latere geslagte - Stellenbosch en Afrikaans en sy kerk. As ek die familiebemakings - en dit is groot bedrae - weglaat, is die grootste bemakings die volgende:

- £100 000 vir die totstandkoming van die US, wat lei tot "Het Jan Marais fonds".
- £10 000 aan die Munisipaliteit vir die bou van 'n stadsaal.
- £10 000 aan die Munisipaliteit vir die inrig van 'n park- die bekende * Jan Marais-park waarna die Munisipaliteit gereeld as die Jan S Marais-park verwys.
- £12 000 aan die NG Kerk van Stellenbosch - vandag die Moedergemeente.
- £12 000 aan die Kweekskool.
- £3 000 aan die Instituut vir Dowes en Blindes, Worcester.
- £3 000 aan die Victoria Memorial Cottage Hospitaal te Stellenbosch.

Die restant van die boedel word dan in 'n trust gestort. Die bedrag hier ter sprake was £40 000 en dit gee aanleiding tot "Het Jan Marais Nationale Fonds".

In totaal bemaak hy dus £187 000 aan dorp en universiteit - in vandag se terme so ongeveer R32 miljoen.

Oor die £100 000 (in vandag se terme R17,2 m) aan die Victoria Kollege, bepaal die testament soos volg:

"Verder vermaak en laat ik na de som van Een Honderd Duizend Ponden (£100 000) Sterling, hierna genoemd "de Hoofdsom", en na my dood bekend te staan als "Het Jan Marais Fonds", aan een kommissie van negen trustees." Voorts lui die testament, en dit was ongelukkig rampspoedig: "De hoofdsom zal steeds onaangetast moeten blijven en alleen de rent en daarvan zullen worden besteed ooreenkomstig de bepalinge en voorwaarden van deze vermaking." Verder word ook voorgeskryf dat die geld by voorkeur op eerste verbande op vaste eiendom uitgeleen sal word.

Die lys van verbandhouers oor die jare - tot in die begin van die negentigerjare - lees soos 'n "Who's Who" van Stellenbosch.

Dan bepaal die testament dat die gemelde rente aangewend sal word:

(i) ter betaling van het salaris of van enig gedeelte daarvan of van enige toevoeging daartoe van professoren en docenten
(ii) voor beurzen en geldelike hulp aan studenten
(iii) voor de aankoop van boeken
(iv) voor het houden van wetenschappelike voorlezingen ter bevordering van die hollands-afrikaanse nationale belangen.

Benewens verdere omskrywings van hoe die geld bedoel is vir die bevordering van hoër onderwys te Stellenbosch meld die testament uitdruklik:

" ter bevordering van het hoger onderwijs in het algemeen in gemeld College of Universiteit (te Stellenbosch), doch meer beizonder van het onderwijs in en door middel van die hollandse taal in sijn beide vormen (dat wil zeggen Afrikaans zowel als Nederlands) en wel te dien einde dat in zodanige onderwijs de hollandse taal in zijn beide vormen als voormeld geen mindere plaats dan de andere officiele landstaal zal innemen."

Daar word ook bepaal dat as aan die voorwaardes nie voldoen kan word nie, die rente na die diskresie van die trustees aangewend mag word "doch in alle gevalle te Stellenbosch of in het distrikt Stellenbosch." Stellenbosch word altyd eerste gestel.

Die bepaling dat die hoofsom onaangetas moet bly, het meegebring dat in die vroeë tagtigerjare die hoofsom steeds net R200 000 was. Die trustees het 'n hofbevel aangevra en dit in 1985 gekry, wat die trustees toelaat om in aandele en effekte te belê en vandag is die fonds darem 'n beskeie R2 miljoen werd. Reeds in 1917 het een van die trustees die gevaar van geen groei in die hoofsom ingesien en voorgestel dat £1 000 jaarliks uit die verdienstes tot die hoofsom toegevoeg word. Regsadvies is ingewin en dit was dat dit in stryd sou wees met die terme van die testament.

Die eerste vergadering van die trustees van die Het Jan Marais fonds is op 22 Julie 1915 gehou. Ds. DS Botha, skoolhoof en stigter van die hoërskool op Villiersdorp voordat hy Teologie kom studeer het, was die eerste voorsitter en was op daardie stadium die langsdienende predikant van die NG Gemeente (vandag Moedergemeente) en scriba van die Kuratorium. By hierdie eerste vergadering het die Registrateur, mnr. AF Markötter - die bekende Oubaas Mark - reeds geldelike hulp kom vra. Dr. DF Malan, 'n trustee, het dadelik die "taalkwessie " genoem, te wete die testamentêre bepaling in verband met die posisie van Hollands/ Afrikaans. Ná 'n lang en volledig gedokumenteerde bespreking is besluit dat die fonds in 1916 £2 000 tot die "salarisse van professore en dosente, wat in 1916 in Hollands, in een of ander van zijn vorme,

onderwijs gee" sal bydra. In 1917 is bes1uit dat die Fonds die Kollege se 25% van salarisse van sekere professore sal bekostig, mits "minstens die helfte van die lesings van sodanige professor in die Hollandse of Afrikaanse taal sal geskied". 'n Hele aantal leerstoele is so ondersteun: In Romeins-Hollandse Reg, in Aardrykskunde, in Hollands en Geskiedenis en in die Staatshuishoudkunde. In 1919 nader die trustees die digter Jan FE Cilliers om 'n aantal lesings oor "Letterkunde en Letterkundige Estetiek" op Stellenbosch te gee en in 1920 word hy dan ook buitengewone professor in Hollands en Afrikaanse Letterkunde en Letterkundige Estetiek, bekostig deur Het Jan Marais Fonds.

Oor die jare heen het die Het Jan Marais Fonds groot bydraes gelewer by wyse van beurse, lenings aan studente, lenings vir die oprig en meubelering van koshuise, die totstandkoming van die Ingenieurs- en Mediese fakulteite en die aanvulling van salarisse. In laasgenoemde geval het die 50% voorwaarde altyd gegeld en moes die universiteit jaarliks verslag doen uurgewys van klasse in Hollands en Afrikaans. Oor die laaste jare word 75% van die opbrengs gegee vir 'n leningsfbeursfonds vir verdienstelike, behoeftige Afrikaanstalige studente wat aan die US wil studeer en die ander 25% word gekapitaliseer.

Die testament bepaal dat die "restant van die boedel vermaak en laat ek na aan een Kommissie van 6 Trustees... " Hier was die bepalings anders - die bedrag van £40 000 kon na "eigen en absolute diskretie by voorkeur op eerste verband van vast eigendom... belegd worden... " deur die trustees van Het Jan Marais Nationale Fonds" soos dit in die testament genoem word. Dr. D F Malan was die eerste voorsitter - toe ook pas as redakteur van die te stigte *De Burger* aangestel. In eie diskresie het die trustees aandele opgekoop in groot maat, veral elke Nasionale Pers aandeel wat in die mark beland. In kontras met die ander fonds het hulle nie omgegee vir 'n klein opbrengs nie, maar eerder vir groei gesoek. Toe Naspers in 1995 op die beurs noteer, was hierdie fonds Naspers se vyfde grootste aandeelhouer en ná die trustees gediversifiseer het en in etlike ander aandele en oorsee belê het, is die Fonds steeds die negende grootste aandeelhouer in Naspers.

'Vir hierdie fonds met 'n jaarlikse inkomste van meer as R4 miljoen is die voorskrifte eenvoudig: "ter bevordering van die nationale belangen op elk gebied ook van de hollands-sprekende bevolking van Zuid-Afrika in enig deel van de Unie doch bij voorkeur op het dorp en in het distrik Stellenbosch." Weer Stellenbosch eerste.

Die notuleboeke van hierdie fonds tot 1947 word vermis. Uit wat daarna volg en uit ons onlangse neergelegde eie riglyne word voorkeur gegee aan die bevordering van Afrikaans landwyd, maar in besonder op Stellenbosch en aan hoër onderwys (Stellenbosch) en aan liefdadigheid (Stellenbosch). In ons oorwegings oor toekennings neem ons sterk in ag die Afrikaanse gees en karakter van die fonds soos aan hom verleen deur die testament asook die plaaslike geankerdheid van die fonds.

Die Nasionale fonds het ook aanvanklik lenings en verbande toegestaan, 'n praktyk wat in die onlangse jare gestaak is. Interessant in hierdie verband is dat Eendracht-koshuis (vandag Eendracht Dorpsherberg) aanvanklik ten volle deur die fonds besit is en dat die volle lening vir die bou van Rozenhofkoshuis deur die fonds toegestaan is.

Om te illustreer wat Jannie Marais vandag nog vir Stellenbosch beteken, word 'n paar van die sake wat oor die afgelope 5 jaar ondersteun is, uitgelig:

(i) 'n Beurs/leningsfonds is vir verdienstelike, behoeftige Afrikaanstaliges by US gestig en nagenoeg R2+ miljoen is oor die laaste twee jaar reeds hierin gestort. Vanjaar kon 'n 100 studente met lenings van tot R10 000 elk gehelp word.
(ii) Die Helpmekaar Studiefonds het oor hierdie periode R1 miljoen ontvang en ook die Dönges-beursfonds ontvang elke jaar 'n groot bedrag en in albei gevalle gaan dit vir beurse of lenings aan Afrikaanstaliges.
(iii) Sedert 1995 word die oorbruggingskursusse in Afrikaans by die US feitlik ten volle deur die fonds gedra en volgens my berekening is reeds R1,7 miljoen hieraan toegeken en het SAGUS, die Sentrum vir Afrikaanse Gebruikskunde, ook reeds meer as R0,5 miljoen ontvang.
(iv) Elsenburg ontvang R1,0 miljoen vir beurse/lenings en navorsing twee jaar gelede. Arbeidsgenot kry R0,5 miljoen oor die afgelope vyf jaar, 'n TV-dokumentêr oor die konsentrasiekampe in die ABO kry selfs meer.
(v) Die Stigting vir Afrikaans en die Vriende van Afrikaans ontvang ook meer as R1 miljoen oor die afgelope vyf jaar.
(vi) Die Utopia-utiliteitsmaatskappy, die eienaars van Utopia en Geluksoord was 5 jaar gelede tegnies bankrot. Die Fonds het so ongeveer R2 miljoen belê en vandag het Stellenbosch twee ouetehuise wat finansieël onafhanklik is. Ook die restourasie van die Moederkerk is ruim deur die fonds help bekostig.
(vii) Maar dan word daar so ongeveer R1,0 miljoen per jaar aan die volgende instansies op Stellenbosch op aansoek gegee:
ACVV; Bergzicht Opleidingsentrum; Hospice; Huis Horison; Nagskuiling; Kankervereniging (Wes-Kaap); die Stellenbosch Hospitaal; die Kinder- en Gesinsorgvereniging; die Museum en ander liefdadigheidsprojekte in Stellenbosch.
(viii) Van die onlangse projekte wat illustreer hoe uiteenlopend van aard die sake is wat ondersteun word, is dat die skuld van die VGK-gemeente Vlottenburg afgelos is en die gemeente kan voortbestaan, en die Eersterivier-projek.

Laasgenoemde projek - koste reeds meer as R200 000 - sal hopelik verseker dat die Eersterivier altyd 'n sieraad en 'n bate vir Stellenbosch sal wees. Die boek oor die Rynse Gemeente se 200 jaar van bestaan is 'n ander projek wat die Fonds as deel van die geskiedenis van ons dorp help bekostig het.

Oor die afgelope vyf jaar het die Nationale Fonds ongeveer R16 miljoen uitgekeer, waarvan net ongeveer R1,5 miljoen buite Stellenbosch bestee is en waarvan ruim die helfte vir die bevordering van Afrikaans en die ander gedeelte aan liefdadigheid gaan.

Dit alles illustreer maar net dat Jannie Marais Stellenbosch se grootste weldoener was en steeds bly.

Die Gedenkboek van die Victoria-Kollege sê verskeie mooi dinge oor Oom Jannie, onder meer:

"Als de Universiteit van Stellenbosch voor de algemene ontwikkeling en voor de bevordering van wetenschap, letteren en kunst onder het Afrikanervolk naar evenredigheid gaat doen wat Victoria-Kollege heeft gedaan, dan zal het in geen geringe mate te danken zijn aan de hulp door Jan Marais op 'n kritiek tijdstip aan deze inrichting verleend, en dan zal zijn nagedachtenis am die reden alleen bij het volk immer in ere worden gehouden."

Ek sluit af met 'n aanhaling, weliswaar uit 'n verkiesingstoespraak deur Oom Jannie Marais self: "Ik zal doen wat in my vermogen is om den roem van Stellenbosch, als schitterend middenpunt der Zuid-Afrikaanse opvoeding te handhaven?"

En hoe het hy nie daarin geslaag nie!

Ek dank u.

Mike de Vries
Konvokasie-toespraak
15 Nov 2001